Cannot view the email properly? View it online

# VrydagNuus

## 3 Mei 2024



***Het ek en jy verleer om te wag, en te lewe?***

Prof Dirkie Smit, ‘n invloedryke teoloog en filosoof, skryf ongeveer tien jaar gelede: “Ons leef in ‘n kultuur wat haastige mense kweek. Ons is mense wat nie kán wag nie en nie wíl wag óf gáán wag nie.”

Hoe vinniger dinge gebeur, en hoe minder reëls daar is waaraan ek my hoef te steur en wat die eindresultaat kan vertraag of belemmer, hoe beter. Ons verwag van ander, en trouens álmal, om teen mý pas te lewe.

Teen ‘n noodlottige spoed leef ons, smagtend na núút, en méér, en ánders. Ons selfone en i-pad’s en motors, en sosiale media-profiele verklap dat ons iewers heen op pad is – vinnig, en hopenlik vinniger as iemand anders.

Mense bestee ure elke week swerwend van een webwerf na ‘n volgende, een blog na ‘n ander, van een inskrywing, een vriend na die volgende. Vra vir enigiemand hoeveel ‘followers’ hy of sy het, en heel-trots sal jy ‘n merkwaardige getal hoor.

Vra jy of die persoon diegene al ontmoet het, of werklik ken, kom die antwoord heel gemaklik: Ek het nie tyd vir ‘sulke’ verhoudings nie. Dit vra moeite, betrokke raak, energie belê – en ek is haastig. Tyd is kosbaar.

Rubem Alves, ‘n Brasiliaanse teoloog, filosoof, skrywer en psigoanalis, verduidelik in sy boek *Tomorrow's Child* hoe ons deur hierdie kultuur van onmiddellikheid opgevoed word om nié kinders van môre te wees nie. Ons leer ons hoef nie uit te hou nie, ons kan net omdraai en wegstap. Ons leer om byna niks meer te koester nie – nie speelgoed, of besittings, of enigiets wat ontvang is nie. Môre is dit tog reeds stukkend of verweer, en dan kry ons ‘n nuwe een.

Selfs opwinding verveel ons te gou. Ekstase hou nie baie lank nie. Plesier voel baie gou leeg, en laat ons verlang na méér, iets anders, of dalk groter. Verbintenisse is net voorlopig - vriendskappe, verhoudings, huwelike. Waarom energie daaraan bestee en moeite daarmee doen, as ek môre dalk iemand anders raakloop? Dis tog ónmoontlik dat ek in hiérdie verhouding of vriendskap álles kan vind wat ek nodig het?

Ons het verleer om te wag. Om uit te hou. Om die ekstra myl te stap. Om geduldig te wees – “lankmoedig” het die ou Afrikaanse Bybelvertaling dit genoem.

Wanneer Jakobus sy lesers in Jak.5:7-11 aanmoedig om tog nie so ongeduldig te raak dat hulle van mekaar kwaad praat en oor mekaar kla, en moedeloos raak omdat dinge nié so vinnig gebeur soos hulle dit wil hê nie, herinner hy hulle aan drie voorbeelde van “wag”.

Wag, soos Job, wat in sy diepste ellende nie moed opgegee het nie. Wag, soos boere wat hoopvol bly uitsien na die kosbare oes. Wag, soos die profete van ouds die langtermynbeloftes en troos van God se uitkoms verkondig het, wetende dat húlle dit waarskynlik nie sal beleef nie.

Jy hoor dalk iemand sê: “Om te wag, is tydmors. Die lewe gebeur nou – hiér. Staan opsy – ek is oppad!”

Of jy sou sélf kon sê: “Om herinner te word om te wag, is om dankbaar te lewe. Dankbaar dat die Here my lewe ontplooi volgens sý wil. Dankbaar dat Hý vir my sorg. Dankbaar dat Hý betroubaar is. En dankbaar dat ek in sý genadetyd mag lewe.”

Tot ons weer gesels.
Jurie



# 5 Mei

**Deuroffers: Kenridge Gemeente Boufonds**

**Erediens | Kerk @ 09:00 (doop)**
Johan Steenkamp
**Erediens | Kerk @ 10:30 (doop)**
Johan Steenkamp
**Erediens | Kerk @ 18:30**
Johan Steenkamp



## Dopelinge:

EMMA PETRO HURTER, dogtertjie van Louis en Jana

*Noemnaam: Emma*

NINA REEDERS, dogtertjie van Jaco en Michelle

*Noemnaam: Nina*

*NICOLAS DIRK LOCHNER*, seuntjie van Jan-Hendrik en Grethe

*Noemnaam: Nicolas*

JOHN WILLIAM MORRISON, seuntjie van Campbell en Megan

*Noemnaam: William*

GERT JOHANNES ROSSOUW, seuntjie van Gerhard en Petra

*Noemnaam: Johan*

ADRIAAN DANIëL JORDAAN, seuntjie van Werner en Elizma

*Noemnaam: Adriaan*

## Kinderbediening: 09:00-10:00

3-4 jr: Langsaal

5-6 jr: Jeugsaal

Gr 1-5: Grootsaal

## Jongtieners: 09:00 – 10:00

Gr 6-7: Woon die 09:00 erediens by en verdaag na die Kleinsaal na sang.

**Tieners : 17:30**

Gr 8-10: Grootsaal

Belydenisklas: Grootsaal

**Aanlyn erediens** - Kenridge Gemeente YouTube - **kliek hier**.



# *Hemelvaart*

**9 Mei**
Erediens om 19h00 in die kerk gelei deur Christi Thirion.

*Let asb daarop dat die kerkkantoor gesluit sal wees ter viering van Hemelvaartdag.*




# *Pinkster*

## *Die Goddelike Komplot*

**Pinkster 12-19 Mei**

Weeksaande om 19h00 in die kerk (13-15 Mei)

**Kerrie-en-rys** verkope Maandag-Woensdag aand @ R40 per bakkie voor en na die aand erediens (13-15 Mei)

**Week van oorvloed insameling**:

- Nuwe komberse
- Nuwe sokkies
- Nie-bederfbare kruideniersware

Laai asb oorvloed skenkings af in die houtkratte in die kerk se portale of bring gedurende die week na die kerkkantoor.




## *Bediening na Buite behoeftes*

**Behoeftige babadogterjie (7 maande)** benodig dringend doeke, formule melk, klere, kombersies, badgoed, speelgoed en enige ander baba benodighede. 'n Tweedehandse stootwaentjie sal opreg waardeer word! ***Insameling tot 6 Mei.***

**Ruyterwacht** vra waslappe en seep vir die 170 dames vir Moedersdag. ***Insameling tot 8 Mei.***

**Sobambisana** benodig 'n tweedehandse, werkende slimfoon vir hulle whatsapp kommunikasie.

Kontak asb die kerkkantoor as jy kan help.




## *Vrywilligers*

Sonder vrywilligers kan ons nie ons roeping uitleef en brûe bou soos Jesus nie! Oorweeg dit asb om as vrywilliger betrokke te raak by enige van ons bedieninge.

**Sobambisana** benodig vrywilligers wat elke tweede Maandag

Sobambisana besoek en saam met die kinders en personeel kuier en speel.

Die **gebedsbediening** verwelkom vrywilligers wat as voorbidders sal intree vir die gemeente, lidmate en ander gebedsake.

Sien die webtuiste vir 'n lys van al ons bedieninge.



# *Gebedsbediening*

### Gebedsfokus van die week

Ons weeklikse gebedsbulletin kan op die webtuiste gesien en afgelaai word (kliek op aflaaibare dokumente).

### Gebedsversoeke

Gebedsversoeke kan aangemeld word deur 'n WhatsApp te stuur na die gemeente WhatsApp nommer (+27 76 492 0008) of aanlyn op die webtuiste (kliek hier).

---


Kerkkantoor:

**Ma - Do 09:00 - 16:00**

**Vry 09:00 - 13:00**
tel no: (021) 913 4206
e-pos: kantoor@ngkenridge.co.za
webtuiste: www.ngkenridge.co.za


Snap here to pay
SnapScan

LIKE

KENRIDGE GEMEENTE

FORWARD

**Bankbesonderhede:**

NG Gemeente Kenridge

FNB, Willowbridge

Tjekrekening: 62622466458

Takkode: 250655


Hemelvaartdiens
9 Mei 2024
19h00
KENRIDGE
GEMEENTE


PINKSTER
12 - 19 MEI
"Die Goddelike komplot"
12 Mei @ 09:00, 10:30 en 18:30
13 - 15 Mei @ 19:00
Kerrie-en-rys verkope Maandag tot Woensdag aand voor en na die aand erediens (13-15 Mei)
Week van oorvloed insameling:
Nuwe komberse
Nuwe sokkies
Nie-bederfbare kruidenierswar
KENRIDGE
GEMEENTE


WEEK VAN OORVLOED
BEDIENING NA BUITE
Ons samel weer nuwe komberse, nuwe sokkies en nie-bederfbare kruideniersware in vir ons begunstigdes tydens Pinkster. Lewer bydraes in die groot houtkratte af in die voorportaal.
KENRIDGE
GEMEENTE


SOBAMBISANA
KOM KUIER SAAM
TERWYL ONS DAAR IS, VERF ONS EN BOU BLOKKIES, KLEUR IN, LAG EN KUIER LEKKER SAAM MET DIE KINDERS EN PERSONEEL.
Die bussie vertrek elke tweede Maandag van die kwartaal om 09:00 vanaf die kerkkantoor en is teen ongeveer 12:00 terug.
Besoek datums vir tweede kwartaal:
6 Mei, 20 Mei en 14 Junie
Kontak vir Christi of die kerkkantoor vir meer inligting.
KENRIDGE
GEMEENTE


WORD DEEL VAN ONS GEMEENTE SE GEBEDSBEDIENING
KENRIDGE
GEMEENTE
DAAR IS KRAG IN GEBED
As jy 'n passie het om te bid vir die behoeftes van mense en vir ons gemeente, kan jy deel word van hierdie bediening.
Kontak vir Christi of die kerkkantoor om deel te word van ons voorbiddingspan.


RUYTERWACHT
BROODBLIK
ONS SAMEL DEURLOPEND BROOD IN VIR RUYTERWACHT SE BROODBLIK PROJEK
PLAAS BROOD IN HOUERS BY DIE DEURE


KENRIDGE
GEMEENTE
Ruyterwacht Senior Sentrum wil graag 170 vroue op Moedersdag bederf met 'n waslap en seep elk.
Ons samel dus waslappe en lekker-ruik seep in om Moedersdag spesiaal te maak vir hulle.
Plaas skenkings in die houers of bring na die kerkkantoor voor 8 Mei.
Ruyterwacht
Senior Sentrum | Senior Centre


KENRIDGE
GEMEENTE
DRINGEND
Ons samel die volgende in vir 'n babadogtertjie van 7 maande:
doeke
formule melk
winterklere
komberse
speelgoed
badbenodighede
Plaas skenkings in die houers in die kerk of bring na die kerkkantoor voor 6 Mei